Leipie Nuus

27-31 AUGUSTUS 2018

Nommer 23/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 27 Augustus

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:45-15:00, o/10-o/13 vanaf 13:40-14:30
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Wedstryde seuns oop A1 vs Hennopspark, seuns oop A2 vs Constantiapark, seuns oop B2 vs Elarduspark, o/11 seuns A Loslootje, o/11 seuns B1 vs Elarduspark, o/11 seuns C1 vs Midstream Ridge, o/11 seuns C3 Anton v Wouw, dogters oop B2 vs Elarduspark, dogters oop C1 vs Midstream Ridge, o/11 dogters D2 vs Crawford
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Kunstefees:	Centurion Kunstefees Redenaars - saal
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15 ***Kaartjieverkope in die saal om 7:00***
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 28 Augustus

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:40-14:30, o/10-o/11 vanaf 13:45-15:15 Wedstyde vs L/s Rooihuiskraal o/13 (weg), o/12 (tuis)
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Oefening o/11 seuns, oop dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15
Kunstefees:	Centurion Kunstefees Redenaars - saal

Wo 29 Augustus

Jnr koor:	Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor:	Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak:	Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
Musiekblyspel:	Oefening praatrolle vanaf 16:00-17:00
KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Krieket:	Wedstryd vs L/s Rooihuiskraal o/9 (weg), o/10 (tuis)
Kunstefees:	Centurion Kunstefees Redenaars – saal
Entrepreneurs:	Gr 7 Entrepreneursdag vanaf 12:00

Do 30 Augustus

Krieket:	Oefening o/12-o/13 vanaf 13:45-15:15 Wedstryde vs L/s Rooihuiskraal o/11 (weg)
Sagtebal:	Wedstryde vs Tygerpoort (tuis)
Hokkie:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Tennis:	Oefening o/12, o/13 oop seuns, o/11 dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Kunstefees:	Centurion Kunstefees Redenaars - Skoolsaal

Vr 31 Augustus

Hokkie:	Wedstryd o/12, o/13 vs Theresapark (tuis)
Kunstefees:	Centurion Kunstefees Redenaars – Skoolsaal
Lentedag:	Leerders dra gewone klere
Leipie Omgee:	Omgee kosinsameling

UIT DIE KANTOOR:

Ons is bekommerd oor die aantal leerder afwesighede.
Ons benadruk dit weereens dat u asb nie u kind onnodig by die huis moet laat bly nie.
Leerders mis belangrike voorbereiding vir assessering wat gapings in kennis tot gevolg het.
Indien 'n leerder siek is en hy/sy nie 'n dokterbrief het nie, gaan die leerder 'n **0 punt** vir assesseringsopdragte ontvang.
Dit kom ook onder ons aandag dat leerders nie toetse vir ouers gee om te teken nie.
Alle toetse en opdragte word na ongeveer 'n week en 'n half huis toe gestuur.
Volg asb op met u kind.
Ouers moet asb nie leerders in skooltyd vir afsprake kom haal nie, dit maak inbreek op onderrigtyd en ontwrig die klas.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Sagtebal: o/11, o/13 wen vs Vhalliespark
Krieket: o/10A speel gelykop vs L/s Magalieskruin, o/11A, o/13A wen vs L/s Magalieskruin.
Hokkie: o/12 speel gelykop vs L/s Tygerpoort, o/13 wen vs L/s Tuine en Springvale.
Skaak: o/11 speel twee wedstryde – Werni Grünenfelder, Dirk Rabie en Liam Myburgh wen albei rondtes. Ruvan Fourie wen 1 rondte.
o/13 speel twee wedstryde. Juan Bosch, Gerhard Nel en Henriëtte v Maltitz wen elk 1 rondte.
Werni Grünenfelder neem deel aan Tshwane Waterkloof Skaaktoernooi.
Landloop: AGN Kampioenskappe – Baie geluk aan al die atlete wat aan die AGN deelgeneem het. Die volgende atlete eindig onder die Top 18:
Tyler v Rooyen 6de, Sianné Blignaut 18de, Mattias Keilblock 16de, Minke Dekker 3de, Hanno Bester 17de, Dieneke Beukes 4de, Izelle Nel 12de, Adrian O'Kelly 14de, Maryke Geldenhuys 18de, Li-Mari Dekker 2de, Jean-Pierre Pretorius 7de.
Wiskunde: A+ Studente Nasionale Kampioenskappe – Zani Nell Silwer, Christian Benadé Kampioen trofee, Reylin Eksteen Brons.
Musiek: Mikayla Smti- Arts@Sussex Musiekfees – "Keyboard – Contemporary & Blues".
Gimnastiek: Mikayla Smit- vlak 4 Gauteng Noord.
Karate: Hannah Plews- FSKA Karate Tiger Uitdaagtoernooi – Shotokan Kata goud, Shotokan Kumate goud.
Artisticulta: Chanene Barnard- Solo A+, Duet A+, Groep A+.
Taekwando: Leonard Smith- geel belt, medalje.
Stoei: Keegan Fourie- Wesrand Toernooi – Goud, Werni Grünenfelder – Goud.
Ou Leipies: H/s Centurion VLR 2019 – Savannah Combrinck, Zoë Muller, Elani Pienaar, Chanté Bosch, Elani Botha, Elzanne Burger, Kayleigh du Preez, Charlene du Preez, Jana v/d Merwe, Bianca Wolmarans, Philip Botha, Divan Grundlingh, Thinus J v Rensburg, Julius Krahtz, Tiaan v/d Berg, Tiaan Boshoff, Tyrese v Burick, Nicky v/d Linde, MJ van Dyk.

BELANGRIKE DATUMS:

27 Augustus: ***Musiekblyspel kaartjieverkope open in die saal. R100 per sitplek***
31 Augustus: Lentedag – leerders dra gewone klere
24 September: Vakansiedag - Erfenisdag
17-20, 25-27 September: Musiekblyspel

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

1984 – Mnr de Vos vra Me Marina Botha en Barbara Eager om 'n koperblaasorkes te begin. Dit was die eerste laerskool blaasorkes in Pretoria.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

MUSIEKBLYSPEL:
Enige uitstaande bedrag vir deelnemers aan die musiekblyspel moet teen 31 Augustus vereffen wees. R400 (registrasiefooi ingesluit) per deelnemers en in die geval van meer as een kind per gesin is die bedrag R350 per deelnemer.
Geen kostuums sal uitgegee word indien die volle bedrag nie betaal is nie.

VERLORE GOEDERE:
Ouers en leerders moet asb in die verlore goedere kas op die vierkant kom soek na verlore items. Ons vra ouers om asb **alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk, dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word.**
Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie Makro en My School kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n My Schoolkaart. U ontvang dadelik u My School kaart. Indien u reeds 'n Makrokaart het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in Makro doen, dit is 'n vinnige proses.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

OUERS OP DIE SKOOLTERREIN:
Ons doen 'n beroep op u om by die wag in te teken indien u die skool besoek gedurende skoolure, en dan by die kantoor aan te meld. U kan nie net op die skoolterrien rondbeweeg gedurende skoolure nie, aangesien dit probleme skep met die sekuriteit van ons kinders. Terwille van veiligheid mag leerders geen items deur die heining van enige persone neem nie.

TOEDIEN VAN MEDIKASIE:
Ouers moet asb kennis neem dat ***geen medikasie*** deur die kantoorpersoneel aan leerders toegedien mag word nie.
Ouers mag medikasie met 'n toestemmingsbriefie saamstuur (ook hoeveel en hoe laat dit toegedien moet word).
By Gr R - 3 leerders sal die personeel help om dit toe te dien en dit in die klas bewaar. Ouer leerders moet dit self neem.
In ander gevalle van ongesteldheid sal die ouers geskakel word.

SPORTSAKKE/PETTE:
Daar is weer geleentheid om sportsakke en pette te bestel. Indien u belangstel om te bestel sien asb inligting op die webblad. Inligting kan ook by Ontvangs afgehaal word.

KOPLUISE:
Die epidemie is hoogs aansteeklik en versprei baie maklik na ander kinders se koppe. Ons vra die ouers se samewerking om seker te maak dat u kind/ers se koppe skoon is van enige nete en kopluise. Een leerder in die klas kan die ander aansteek. Ouers wat moeite doen en onkostes aangaan raak ongelukkig wanneer hul kinders weer by klasmaats aansteek. Dit is departementele beleid dat leerders met kopluise of nete nie die skool mag bywoon alvorens die kop nie heeltemal skoon is nie

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____
(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER